CAP CLASSIQUE, GESPREKKE OOR KUNS, INHEEMSE MUSIEK EN DIE OPENING VAN ‘N KUNSUITSTALLING WAT ‘N VERSKIL MAAK

Op Dinsdagoggend, 19 Oktober 2021, bied Paul Roos Gimnasium ‘n spesiale program vir diegene met ‘n liefde vir kuns, opvoeding en musiek aan. “See You at Tea” is die amptelike opening van die “See and Be Seen” kunsuitstalling en word met trots deur Investec aangebied.

Paul Roos Gimnasium, Stellenbosch- en kunsgemeenskappe word uitgenooi om hierdie inspirerende viering van die kunste te ervaar en te geniet. Kunsjoernalis, Johan van Lill (Radio Sonder Grense, Fine Music Radio) fasiliteer ‘n interessante gesprek rondom die kunste met onder andere die bekroonde skrywer, Deon Meyer en Paul Roos se uitreikprojekkoördineerder, Luna Paige. Laasgenoemde deel inligting oor die storie agter die “See and Be Seen” uitreikprogram wat in samewerking met die Rupert Museum in September aangebied is.

Kuns deur talentvolle leerders, opkomende kunstenaars uit die gemeenskap, kunswerke deur glanspersoonlikhede sowel as werke deur internasionaal-erkende en bekroonde visuele kunstenaars kan beskou word en die optrede van inheemse musikant, Dizu Plaatjies en sy groep, Plaatjies African Quintet, vind plaas. Die Paul Roos *Big Band* sal ook van hul gunsteling liedjies opvoer. Kaartjies kos R250 en sluit heerlike versnaperinge en Spier MCC in. All opbrengste word vir die Borg-‘n-Paul-Rooser fonds ten bate van die opvoedingskostes van Paul Roos leerders wat vanuit minderbevoorregte gemeenskappe kom, aangewend.

Plek: Paul Roos Gimnasium Binnenshuise Krieketsentrum, Suidwal, Stellenbosch

Deure open: 09:45

Verrigtinge begin: 10:00

Verrigtinge eindig: 12:00 vir 12:30

Kaartjies: R250 by https://bit.ly/PRGART

Kunsliefhebbers wat die veiling en skemerkelkie “See You Later” (Woensdag 20 Oktober, 17:30) wil bywoon, is welkom om kaartjies daarvoor aan te skaf.